Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

**GHS VOORSORGVERKLARINGS:**

Verhoed vrystelling in die omgewing.

Maak stortsel bymekaar.

Raak ontslae van inhoud/houer volgens die lokale en internasionale regulasies.

Dra rubberhandskoene en gesigskerm vir beskerming wanneer die konsentraat hanteer word. Vermy vel- en oogkontak en moenie spuitnewel of dampe inasem nie.

Was hande deeglik met seep en water na gebruik en voordat daar gerook, geëet of gedrink word. Was gekontamineerde klere daaglik.

Verhoed oorwaai van spuitnewel na ander gewasse of gebiede wat nie behandel word nie.

Verm y besoedeling van waterbronne tydens uitspoel van spuittoestelle en opruim van reste en afval. Alle spuittoerusting moet onmiddellik na gebruik deeglik met skoon water uitgespoel en deurgespuit word.

Spoel leë houer drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die houer. Gooi spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word. Vernietig houer deur gate in te kap en plat te druk en moet vir geen ander doel hergebruik nie.

Verhoed besoedeling van voedsel, voer, eetgerei en drinkwater.

Direk na toediening van **GOAL 480™ SC**, moet die toedieningstoerusting deeglik skoongemaak word om kontaminasie van daaropvolgende toediening te vermy. Gebruik die volgende stappe:

1. Dreineer die spuithouer heeltemal en spoel spuithouer, spuite/spuitbalk en pype deeglik met skoon water. Dreineer vir nog 'n keer.
2. Vul die spuithouer met skoon water en voeg huishoudelike ammoniak (3 % aktief) teen 'n verdunning van 1 liter vir elke 100 liter water. Roer en sirkuleer die ammoniak oplossing in die spuithouer, spuite/spuitbalk en pype vir ten minste 15 minutte.

3. Om alle spore van ammoniak te verwyder, spoel die spuithouer met skoon water en dreineer deur die spuite/spuitbalke en pype.
4. Herhaal stappe 2 en 3.
5. Spuitpunte en filters moet verwyder en apart skoon gemaak word met 'n ammoniak-oplossing teen dieselfde oplossing as hier bo genoem.
6. Enige kontaminasie aan die buitekante van die toerusting moet met skoon water verwyder word.

Moet nooit toerusting skoonmaak, dreineer of spoel naby bome, plante of waar daar moontlik wortels groei nie. Water wat vir die skoonmaak van toerusting gebruik word moet nie onbehandelde areas besoedel nie.

#### RELEVANTE STOWWE/SUBSTANSE:

Gevaarlike komponente	CAS-Nommer	Gewig - %	GHS Klassifikasie
Oxyfluorfen	42874-03-3	40,68%	Gevaarlik vir die wateromgewing, akute gevaar, Gevaarkategorie 1. Gevaarlik vir die wateromgewing, chroniese gevaar, Gevaarkategorie 1. M Faktore = 1 000.

Die ander stowwe/substansie wat nie hierbo gelys is nie, veroorsaak geen en dra nie by tot die korrekte GHS klassifikasie van **GOAL 480™ SC** nie en is gevolglik in terme van die Suid Afrikaans regulasies van gevaarlike Chemiese Agente – 2021; Regulasie 14(b), nie gelys nie.

#### EERSTE HULP:

##### Algemene raad

Ingeval van 'n ongeluk/voerval of as persoon sleg voel, verkry onmiddelik mediese hulp. Verwys na afdeling 8 van die SDS vir spesifieke personeel beskermende toerusting. Voorsien SDS en etiket aan die mediese personeel vir behandeling.

##### Inaseming

In geval van inaseming, hou pasiënt kalm en verplaas die persoon na vars lug. Hou persoon in 'n herstelbare posisie. Indien die persoon nie asemhaal en/of nie gemaklik asem haal nie, ontbied 'n dokter of ambulans en voorsien die noodnommer op die etiket. Pas kunsmatige asemhaling toe.

##### Velkontak

Verwyder alle gekontameneerde klere onmiddelik. Was vel met seep en water sonder om die vel te vryf. Ontbied 'n dokter en/of kontak die noodnommer op die etiket. Die gekontameneerde klere moet gewas word voor hergebruik. Bruikbare stortgeriewe moet toeganklik wees in die werksarea.

##### Oogkontak

Spoel oë onmiddelik sagkens met water vir 'n minimum van 15 minute. Hou die ooglede oop. Indien van toepassing, verwyder kontaklense as dit gemaklik verwyder kan word. Kry mediese behandeling indien die irritasie/ongemak voortduur. Moet nie die oë vryf nie.

##### Inname

Geen nood mediese behandeling nodig nie.

##### Mediese Advies

Daar is geen spesifieke teengifmiddel nie. Behandel simptome.

## **GEBRUIKSBEPERKINGS:**

**Moet nie GOAL™ 480 SC** enigsins in kwekerye óf op óf oor óf naby kwekery plantmateriaal aanwend nie. Die enigste uitsondering tot die gebruik van **GOAL™ 480 SC** op kwekery plantmateriaal is vir BOSBOU alleenlik en moet dan streng volgens aanwysings, soos op hierdie etiket, geskied.

## **WEERSTANDSWAARSKUWING:**

Vir weerstandsbestuur is **GOAL™ 480 SC** as 'n HRAC Groepkode E onkruidodder geklassifiseer. Enige populasie van 'n spesifieke onkruid mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **GOAL™ 480 SC**, of enige ander Groepkode E onkruidodder het. Indien hierdie onkruidodders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal moontlik nie deur **GOAL™ 480 SC** of enige ander Groepkode E onkruidodder, beheer word nie.

Om weerstand teen onkruidodders te verhoog:

- Vermoed die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruidodders in dieselfde onkruidoddergroepkode. Wissel af met, of gebruik tenkingsels van produkte in verskillende onkruidoddergroepkodes.
  - Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidbeheer-programme.
- Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur, kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

## **GEBRUIKSAANWYSINGS: GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI**

### **Werkwyse van GOAL™ 480 SC:**

Die wateroplosbaarheid van die aktiewe bestanddeel (Oksifluorfen) is uiters laag. Na toediening bind dit vinnig en sterk aan kleipartikels en organiese materiaal in die oppervlakkige grondlaag. Die aktiewe bestanddeel is dus nie geneig tot wortelopname en logging nie. **GOAL™ 480 SC** bly na toediening as 'n dun laag onkruidodder op die grondoppervlak waar dit tydens die aanwesigheid van vog ge-aktiveer word. Ontkiemende sade of jong saailinge word hier gedood wanneer dit met die ge-aktiveerde oksifluorfen in aanraking kom. Na toediening van **GOAL™ 480 SC** moet die behandelde grondoppervlak nie bewerk of versteur word nie, aangesien versteuring van die onkruidodderlaag op die grondoppervlak onkruidbeheer sal benadeel. Aangesien **GOAL™ 480 SC** deur die aanwesigheid van vog ge-aktiveer word is die toediening op klam, gestabiliseerde grond en 'n minimum van 5 mm reën of besproeiing binne 7 dae na toediening noodsaaklik vir effektiewe onkruidbeheer. Om grond voor toediening te stabiliseer kan 'n ligte besproeiing van 5-10 mm gedoen word. Optimale **GOAL™ 480 SC** nawerking kan verkry word wanneer die grond nooit toegelaat word om heeltemal uit te droog nie.

### **Toedieningsvereistes en Tydsberekening vir Toediening:**

**GOAL™ 480 SC** moet met 'n trekgergemonteerde spuitbalk of rugsakspuit, toegerus met Teejet platwaaier spuitpunte toegedien word. Die spuitpunte moet die aanbevole volume spuitmengsel per hektaar teen 'n drukking van 100-200 kPa kan lewer. Verseker dat die spuitapparaat korrek gekalibreer is en dat slegs skoon water gebruik word. Die spuitmengsel moet deurentyd goed geroer word.

**GOAL™ 480 SC** het beide na-opkoms en residuele werking op beide breëblaar- en grasonkruid. Na-opkoms werking is egter tot saailinge beperk. Vir optimum residuele effek moet **GOAL™ 480 SC** verkieslik voor opkoms van onkruid toegedien word.

**GOAL™ 480 SC** moet verkieslik nie op ongestabiliseerde grond (droë, stowwerige pas-gewerkte grond) toegedien word nie. Vir optimale werking van en gewasverdraagsaamheid teenoor oxyfluorfen is dit belangrik dat 'n ligte besproeiing of reën die toediening vooraf gaan. 'n Opvolg besproeiing of reën binne 7 dae na toediening van **GOAL™ 480 SC** is ewe belangrik.

**GOAL™ 480 SC** moet nie op 'n organiese deklaag van meer as 30 % bedekking, toegedien word nie, aangesien 'n hoë aanwesigheid van organiese materiaal op die grondoppervlak die werking van **GOAL™**



**480 SC** nadelig sal beïnvloed. Oormatige bedekking van plantreste (organise materiaal) op die grondoppervlaktes wat behandel gaan word, moet dus voor toediening verwyder word.

**GOAL™ 480 SC** moet nie by gewasse onder drupbesproeiing gebruik word nie. Onvoldoende oppervlakkige grondvog buite die drupgebied sal nie die **GOAL™ 480 SC** aktiveer nie en swak of wisselvallige onkruidbeheer tot gevolg hê.

#### **Gewasveiligheid:**

- Dit is belangrik om daarop te let dat die toediening van **GOAL™ 480 SC** van gewas tot gewas verskil en die spesifieke aanbevelings vir elke gewas moet noukeurig gevolg word. Na toediening word **GOAL™ 480 SC** in 'n dun lagie aan die oppervlakkige grondlaag vasgehou. Gevolglik kan dit deur reën of besproeiing op die onderste blare van gewasse gespat word. As gevolg van **GOAL™ 480 SC** se sy hoogs aktiewe kontak aksie kan blaarbrand op die blare veroorsaak word wat normaalweg met tyd sal verdwyn. Tydens koel (1-15 °C), nat, windstil, hoë grond en lugvog toestande mag ko-distillasie van **GOAL™ 480 SC** vanuit die grond plaasvind, gewasse se blare kan dit dan in dampvorm opneem wat ook blaarbrand kan veroorsaak.
- **Die gebruik van GOAL™ 480 SC by bladwisselende vrugtebome en wingerd**  
By vrugtebome en wingerdstokke kan fyn spuitdruppeltjies **GOAL™ 480 SC** opwaarts in die bome en wingerdstokke gedryf word wat as gevolg van die hoogs aktiewe kontakaksie van die middel blaarbrand van onvolwasse blare asook klein brandspikkels op jong vruggies kan veroorsaak. Rondom die brandspikkels op vruggies ontwikkel dan kurkweefsel wat die volwasse vrugte met 'n onaanvaarbare voorkoms vir uitvoer kan laat. **Dit word dus aanbeveel dat GOAL™ 480 SC minstens 4 weke voor verwagte bot by die gewasse toegedien word.**

#### **Die gebruik van GOAL™ 480 SC by Uie en soortgelyke gewasse:**

- **GOAL™ 480 SC** moet as 'n voor-opkoms of vroeg na-opkoms behandeling **na uitplant of opkoms van uie** toegedien word.
- Verwys na aanbevelingstabelle vir gebruiksaanwysings vir die verskillende plantmetodes en gewasstadiums.
- Geringe skroei of varkstertvorming van blare, mag kort na toediening van **GOAL™ 480 SC** voorkom, maar dit is normaalweg van korte duur en plante herstel normaalweg binne enkele weke daarna.
- **GOAL™ 480 SC** moet slegs op uieplantjies wat in die 2-3 egte-blaarstadium van ontwikkeling is, toegedien word. Swak plantjies mag nadelig beïnvloed word.
- Tensy spesifiek anders aangedui, moet alle toedienings van **GOAL™ 480 SC** op uitgeplante uie, op klam, gestabiliseerde grond gedoen word en met 'n deeglike besproeiing opgevolg word.

#### **Die gebruik van GOAL™ 480 SC by Koolgewasse:**

- **GOAL™ 480 SC** moet as 'n voor-opkoms behandeling, **voor uitplant van enige koolgewasse**, toegedien word.
- Die grondoppervlak vir behandeling moet goed voorberei en sonder enige groot kluite wees. Dit word aanbeveel dat ligte besproeiing op die voorbereide grond gedoen word, voordat **GOAL™ 480 SC** toegedien word.
- Die koolplantjies moet **eers 7-10 dae na toediening van GOAL™ 480 SC**, in die behandelde grond geplant word. Die plantjies moet so regop mootlik geplant word en grondverstoring moet tot die minimum beperk word.
- Om oormatige verwelking en platlê van uitgeplante plantjies te voorkom moet onmiddellik na uitplant besproei word. Matige skroei van blare kan voorkom, maar is normaalweg van 'n tydelike aard en plante herstel normaalweg binne 'n kort tydperk. Nuwe groei word onder normale toestande nie benadeel nie.
- **Moet nie GOAL™ 480 SC na uitplant toedien nie. Direkte kontak van GOAL™ 480 SC met hierdie gewasse sal tot ernstige skade lei.**
- **GOAL™ 480 SC** word nie aanbeveel waar 'n masjien vir die uitplant van plantjies gebruik word nie. Dit lei gewoonlik tot 'n oormatige verstoring van die grondoppervlak en onkruidodende laag, wat swak onkruidbeheer tot gevolg het.
- Swaar besproeiing of reën met groot druppels kort na uitplant kan **GOAL™ 480 SC** bevattende gronddeeltjies tot op die jong blare spat met gevolglike brandskade aan die gewas.
- Koel (1-15 °C), nat en windstil toestande met gepaardgaande hoë humiditeit wat ko-distillasie van **GOAL™ 480 SC** bevorder kort na uitplant van koolplantjies kan skade aan koolgewasse veroorsaak

wat tot oesverliese mag lei.

- Versuip-toestande a.g.v. langdurige reënval en/of besproeiing wat nat, deurdrenkte grondtoestande veroorsaak, sal aanleiding gee dat plante nie aktief groei en gewasskade mag voorkom waar **GOAL™ 480 SC** toegedien is.
- Gunstige groeitoestande na uitplant sal vinnige waslaagontwikkeling van blare bevorder wat die risiko van bogenoemde skades sal beperk.
- Ontydige aanplantings van koolgewasse wat moontlik aan bogenoemde nadelige klimaatstoestande blootgestel mag word moet nie met **GOAL™ 480 SC** behandel word nie.
- **GOAL™ 480 SC** is slegs op die volgende koolgewaskultivars getoets en die veiligheid vir gebruik op ander kultivars is onbekend.

**Kontak u saadverskaffer of produk verteenwoordiger indien nodig.**

**Blomkool:** Snowking, Snowcrown, Snow February, Snowcap, Couchamp, Igloo.

**Kopkool:** Gloria Osená, NS Cross, Hercules, Bonanza, Drum Head, Green Coronette, Cape Spitz, Glory of Enkhuizen, Rolan, Shamrock, Rodelle.

**Spruitkool:** Long Island, Jade Cross.

**Brokkolie:** Green Sprouting Calabrese, Late Corona.

### **Veiligheid rondom meerjarige gewasse soos vrugtebome en wingerde:**

**GOAL™ 480 SC** kan by enige ouderdom vrugtebome en wingerdstokke aangewend word, mits die volgende riglyne gevolg word.

- **GOAL™ 480 SC** moet nie enigsins in kwekerye of op of oor of naby kwekery plantmateriaal aangewend word nie.
- Beperk die gebruik van **GOAL™ 480 SC** tot gewasse wat op die etiket genoem word.
- Dien **GOAL™ 480 SC** slegs toe deur gerigte bespuiting en vermy blaarkontak met **GOAL™ 480 SC** by alle gewasse in die groep.
- **Sagtevrugte en wingerde:** Dien minstens 4 weke voor bot toe. Indien dit nie binne 7-10 dae na toediening reën nie, volg op met 'n oppervlakkige besproeiing van minstens 5 mm. Moet nie meer as 500 ml **GOAL™ 480 SC** /ha na bot by sagtevrugte en wingerd toedien nie, en slegs na begin Desember.
- **Sitrus: Moenie GOAL™ 480 SC** gedurende die periode 3 weke voor blom, tot 3 weke na vrugset toedien nie.
- Moenie onder drupbesproeiing gebruik nie. Drupbesproeiing sal nie die **GOAL™ 480 SC** op die grondoppervlak aktiveer nie. Ondergrondse vog mag ook onkruid laat ontkiem en die gebrek aan oppervlakkige vog sal swak onkruidbeheer tot gevolg hê.

Tensy spesifiek op hierdie etiket aanbeveel, moet **GOAL™ 480 SC** in geen geval in kombinasie met enige ander onkruid-dodende middels in 'n spesifieke seisoen gebruik word nie, aangesien dit skade aan die gewas kan veroorsaak. Grond wat met **GOAL™ 480 SC** behandel was, moet deeglik en diep geploeg word voordat 'n opvolggewas geplant word. Vir elke 500 ml **GOAL™ 480 SC** wat toegedien was, moet daar 'n twee maande wagperiode wees voordat eenjarige opvolggewasse geplant word. Op grond waar **GOAL™ 480 SC** binne die vorige agtien maande gebruik is, moet direkte gesaaide opvolggewasse nie met asetamied onkruid-doders behandel word nie. Gewasse wat nie op hierdie etiket genoem is nie en naby of tussen behandelde bome of wingerde geplant is, kan deur **GOAL™ 480 SC** beskadig word.

**AANBEVELINGS:**

<b>GEWAS</b>	<b>GOAL™ 480 SC DOSIS / ha</b>	<b>OPMERKINGS</b>
<b>A. EENJARIGE GEWASSE</b>  <b>1. UIE</b>  <b>1.1 UITGEPLANTE UIE</b>  <b>1.1.1 Langgroeï kultivars</b>	          1,5 liter       <b>OF</b>    750 ml  +  750 ml	          <b>Sien notas onder “GEBRUIKSAANWYSINGS” hierbo.</b>          Besproei lig direk na uitplant om grond te stabiliseer. Volg onmiddellik daarna met toediening in 300-400 l water per ha en volg op met besproeiing.          Doen eerste toediening van 750 ml/ha onmiddellik na uitplant en ligte besproeiing toe soos hierbo genoem. Volg na een maand op met die tweede toediening van 750 ml/ha in 300-400 l water per ha.

GEWAS	GOAL™ 480 SC DOSIS / ha	OPMERKINGS
<b>1. UIE (verv.)</b>		
<b>1.1.2 Kortgroeï kultivars</b>	500 ml + 500 ml  <b>OF</b>  750 ml + 750 ml	<p>Waar net breëblaaronkruid voorkom, doen die eerste toediening onmiddellik na uitplant en ligte besproeiing. Volg weer so spoedig moontlik op met 'n normale besproeiing. Volg een maand later op met 'n tweede behandeling teen dieselfde dosis. Dien toe in 300-400 l water per ha.</p> <p>Waar grasse en breëblaaronkruid 'n probleem is, doen die eerste toediening onmiddellik na uitplant en ligte besproeiing. Volg weer so spoedig moontlik op met 'n normale besproeiing. Volg een maand later op met 'n tweede behandeling teen dieselfde dosis. Dien toe in 300-400 l water per ha.</p>
<b>1.2. UITGEPLANTE UIE VIR SAADPRODUKSIE</b>	1,5 liter  <b>OF</b>  750 ml + 750 ml	<p>Dien onmiddellik na uitplant van die vroulike bolle en ligte besproeiing toe. Volg weer so spoedig moontlik op met normale besproeiing. Skadesimptome soos onder “Die gebruik van <b>GOAL™ 480 SC</b> by uie en soortgelyke gewasse” hierbo beskryf, mag meer opmerkbaar wees by manlike plante. Dien toe in 300-400 l water per ha.</p> <p>Doen die eerste toediening onmiddellik na uitplant en ligte besproeiing. Volg so spoedig moontlik na toediening op met normale besproeiing. Volg een maand later op met 'n tweede behandeling teen dieselfde dosis. Dien toe in 300-400 l water per ha.</p>

GEWAS	GOAL™ 480 SC DOSIS / ha	OPMERKINGS
1.3 DIREK GESAAIDE UIE (Karoostreek)	1,5 liter	Slegs vir gebruik op Caledon Globe en Australiese Bruin kultivars. Dien toe in die 3 tot 4-blaarstadium van die uie (ongeveer 2 - 3 maande na saai). As onkruidontwikkeling stadig is, mag die toediening vertraag word tot 'n maand na die 3-blaarstadium van die uie. Die <b>GOAL™ 480 SC</b> toediening mag voorafgegaan word deur 'n handskoffel onmiddellik voor die <b>GOAL™ 480 SC</b> toediening. Volg op met normale besproeiing so spoedig moontlik na toediening. Vir optimum resultate moet <b>GOAL™ 480 SC</b> op 'n onkruidvrye oppervlakte toegedien word. Dien toe in 300-400 l water per ha.
1.4 DIREK GESAAIDE UIE (Somerreënvalgebied) Na-opkoms	500-750 ml	Toediening van <b>GOAL™ 480 SC</b> op direkte gesaaide uie moet nie geskied voordat die saailinge twee ten volle ontwikkelde blare het nie. Onkruid moet nie verder as die 2-3 blaarstadium van ontwikkeling wees nie. Onvoldoende resultate mag verkry word by verder ontwikkelde onkruid en onkruid wat onder stremming is as gevolg van droogte, ryp of ander klimaatuiterses. Afhangende van onkruiddruk kan 'n verdere toediening van <b>GOAL™ 480 SC</b> teen 750 ml/ha, vier tot ses weke na die eerste toediening, nodig wees. Gebruik die laer dosis van <b>GOAL™ 480 SC</b> by minder geharde uie kultivars. Dien toe in 300-400 l water per ha.
2. KNOFFEL	1,5 liter	Dien <b>GOAL™ 480 SC</b> onmiddellik na plant en ligte besproeiing toe. Volg op met normale besproeiing so spoedig moontlik na toediening. 'n Mate van blaarskroei, soos vir uie beskryf, mag onder koel, vogtige, windlose toestande veroorsaak word. Vertraagde opkoms as gevolg van hoë grond temperatuur, kan ook lei tot skroeisimptome. Dien toe in 300-400 l water per ha.

GEWAS	GOAL™ 480 SC DOSIS / ha	OPMERKINGS
3. KOOLGEWASSE	1-1,5 liter	<p><b>GOAL™ 480 SC</b> moet as 'n voorplant vol oppervlakte behandeling van lande waarin koolgewasse uitgeplant word, toegedien word. Dien 'n ligte besproeiing voor toediening van <b>GOAL™ 480 SC</b> toe om die grond te stabiliseer. Laat 7-10 dae na die onkruidodder toediening verloop voordat die koolplantjies in die behandelde grond uitgeplant word. Moet nie gouer as 7-10 dae na onkruidodder toediening plant nie, want ernstige gewasskade mag volg. Indien die grond uitgedroog het, moet 'n ligte besproeiing voor uitplant en weer na uitplant gedoen word. Dien toe in 300-400 l water per ha.</p> <p><b>Sien notas onder “GEBRUIKSAANWYSINGS” hierbo.</b></p> <p><b>GOAL™ 480 SC MOET NIE NA UITPLANT BY KOOLGEWASSE TOEGEDIEN WORD NIE. DIREKTE KONTAK VAN GOAL™ 480 SC MET DIE BLARE VAN HIERDIE GEWASSE SAL TOT ERNSTIGE SKADE LEI.</b></p>

GEWAS	GOAL™ 480 SC DOSIS / ha	OPMERKINGS
<b>B. MEERJARIGE GEWASSE</b>		<p><b>Sien notas onder "GEBRUIKSAANWYSINGS" hierbo.</b></p> <p>Vermy blaarkontak met <b>GOAL™ 480 SC</b> by alle gewasse in hierdie groep behalwe waar anders vermeld.</p>
<p><b>1. KERN- EN STEENVRUGTE</b></p> <p><b>1.1. Gevestigde boorde van een jaar en ouer</b></p> <p><b>1.2. Nuut uitgeplante boompies</b></p>	<p>1,5-2 liter</p> <p>1,5-2 liter</p>	<p>Vir gebruik in Kern- en Steenvrugboorde van alle ouderdomme.</p> <p><b>Sien notas onder "GEBRUIKSAANWYSINGS" hierbo.</b></p> <p>Gebruik 1,5 l /ha waar breëblaaronkruid hoofsaaklik die probleem is. Dien ongeveer 4 weke voor bot as gerigte bespuiting, op 'n skoon grondoppervlakte toe. Waar onkruid alreeds opgekrom het, moet dit eers geskoffel word of met 'n geskikte na-opkoms onkruiddoder doodgespuit word. Dien <b>GOAL™ 480 SC</b> toe in 400-600 l water per ha.</p> <p><b>Toediening mag nie gedurende die periode, een maand voor bot tot die begin van Desember, geskied nie.</b></p> <p><b>Kan slegs oorweeg word indien boompies nog nie gebot het nie.</b></p> <p>Dien binne 3 dae na uitplant, maar minstens 21 dae voordat boompies begin bot, as gerigte bespuiting, op klam bogrond toe. Om die <b>GOAL™ 480 SC</b> op die grondoppervlak te aktiveer, moet, indien dit nie gereën het nie, 'n ligte besproeiing van minstens 5 mm, binne 7 dae na toediening gedoen word.</p> <p>Dien toe in 400-600 l water per ha.</p>
<b>2. WINGERD</b>	1,5-2 liter	<p>Gebruik net in gevestigde, opgeleide wingerd van een jaar en ouer. Dien slegs tydens die dormante stadium tot einde Julie, maar nie later as een maand voor bot, toe. Dien toe in 400-600 l water per ha.</p>





GEWAS	GOAL™ 480 SC DOSIS / ha	OPMERKINGS
<p><b>4.2. Eucalyptus (verv.)</b></p> <p><b>4.2.2. Na-plant behandeling</b></p>	<p>1,5 liter</p>	<p><b>GOAL™ 480 SC</b> kan binne 4 dae na uitplanting van <i>E. grandis</i>, <i>E. nitens</i> en <i>E. macarthurii</i>, maar voordat onkruid opkom, toegedien word.</p> <p>Dien toe in 300-400 l water per ha.</p> <p><b>Nota:</b> Skroei van die jongste blare sal voorkom waar hierdie metode van toediening gevolg word. Hierdie skroei is van 'n tydelike aard en plante herstel na 'n paar weke. Dit is uiters belangrik dat die boompies van goeie gehalte en vry van siektes moet wees. Saailinge wat met botrytis besmet is sal ernstig geskroei of selfs gedood word.</p>

## ONKRUIDE WAT DEUR GOAL™ 480 SC BEHEER WORD

### Eenjarige Breëblaaronkruid

*Amaranthus thunbergii*

*Amaranthus spinosus*

*Amaranthus hybridus*

*Amaranthus deflexus*

*Anagallis arvensis*

*Arctotheca calendula*

*Argemone subfusiformis*

*Capsella bursa-pastoris*

*Chenopodium album*

*Datura stramonium*

*Datura ferox*

*Emex australis*

*Fumaria muralis*

*Galinsoga parviflora*

Roomisbredie

Doringmisbredie

Gewone misbredie

Meerjarige misbredie

Pimpernel

Soetgousblom

Witblom-bloudissel

Herderstassie

Withondebossie

Stinkblaar

Grootstinkblaar

Kaapse dubbeltjie

Duiwekerwel

Knopkruid

<i>Oenothera stricta</i>	Nagblom
<i>Plantago lanceolata</i>	Smalweebelaar
<i>Polygonum aviculare</i>	Voëlduisendknoop

<i>Portulaca oleracea</i>	Porslein
<i>Raphanus raphanistrum</i>	Ramenas
<i>Schkuhria pinnata</i>	Kleinkakiebos
<i>Silene gallica</i>	Kruitbossie
<i>Sisymbrium thellungii</i>	Gewone wildemosterd
<i>Sonchus oleraceus</i>	Sydissel
<i>Spergula arvensis</i>	Sporrie
<i>Stellaria media</i>	Sterremuur
<i>Tagetes minuta</i>	Kakiebos

### Eenjarige Grasonkruid:

<i>Avena fatua</i>	Gewone wildehawer
<i>Digitaria sanguinalis</i>	Kruisvingergras
<i>Echinochloa crusgalli</i>	Hanepootmanna
<i>Eleusine indica</i>	Jongosgras
<i>Lolium multiflorum</i>	Italiaanse raaigras
<i>Poa annua</i>	Wintergras

**ONKRUIDE WAT NA-OPKOMS DEUR GOAL™ 480 SC TEEN 500-750 ml/ha BEHEER WORD (Sien 1.4).**

<i>Amaranthus deflexus</i>	Meerjarige misbredie
<i>Portulaca oleracea</i>	Porslein